

Geliefde gemeente in ons HERE Jesus Christus,

Ek het eers onlangs in my lewe besef watter geweldige negatiewe gevolge vrees in 'n mens lewe het – watter nadelige uitwerking dit op die uitvoering van jou roeping het, en op die mense naby aan jou.

As 'n mens dink aan sondige emosies, dan is vrees sekerlik nie die eerste een waaraan jy dink nie. Dalk woede of haat of wraak. Maar vrees? Nee! Dis sekerlik nie so erg nie.

En tog het dit vernietigende gevolge. Werklik vernietigende gevolge.

### **Nadeligheid van vrees**

Sien, want vrees lei tot 'n hele reeks van ander sondes. Die vreesagtige hart is een wat gaan verkeerd optree. As jy bang is en jy gee jouself oor daaraan – gaan jy sonde doen.

Dink bv. aan die vrees vir mense. Dit lei daartoe:

- Dat jy vir mense sal jok. Omdat jy bang is wat hulle van jou sal dink as hulle die waarheid weet
- Maak dat mense (veral kinders) swig onder iets soos groepsdruk. Dis vrees vir wat die maats van my dink, wat maak dat ek meedoen aan booshede.
  - Groepsdruk onder volwassenes – jy weet dis nie die regte fin. Besluit om bv. 'n spesifieke nuwe voertuig te koop nie – maar jy is bang wat die mense by die werk/vriendekring van jou sal dink – en dan neem jy dom besluit – uit vrees.
  - Ja, vrees maak dat mense nie helder kan dink nie. Dit maak dat jy maklik gemanipuleer kan word.
- Vrees vir mense maak dat jy beheer word deur ander se opinies.
- Vrees vir mense kan maak dat jy 'n kluisenaarsbestaan wil voer.
- Vrees vir mense ontnem jou aan intimiteit in verhoudings – jy is bang om jou hart oop te maak vir mense en dan kan die verhouding nie so diep groei soos jy graag sou wou nie.
- Maak dat jy ja sê vir dinge waarvoor dit duidelik is jy nee moet sê.
- Vrees maak dat ek nie vermaan soos ek soms moet vermaan nie
- Vrees vir mense het gemaak dat Petrus die HERE verloën het

Dis vrees vir mense lei tot allerande verkeerde dinge.

Maar vrees maak ook

- Dat ek beginsels sal prysgee
- Dat ek tot uiterste nadeel impulsief optree – benoude spronge gee
- Vrees oor geld maak my gierig en dat ek begeer en selfs dat ek sal steel

- Soos reeds gesê – dat ek nie helder kan dink nie.

Vrees is uiterste nadelige gevolge op 'n mens. En dit lei tot sonde:

In Neh. 6 lees ons van die profeet Semaja wat vir Nehemia bang gepraat het. Maar Nehemia het agtergekom dat die profesie nie van die HERE gekom het nie, maar dat sy vyande hom gehuur het en Nehemia ons vertel:

*6:13 Daarvoor was hy gebuur, dat ek bang sou word... en sonde sou doen...*

Vrees lei tot sonde.

In Jes. 57:11 lees ons ook hoe vrees vir mense aanleiding gee tot sonde:

**Isa 57:11** Maar vir wie was jy bedug en bevrees? —want jy het 'n leuenaar geword en aan My nie gedink nie; jy het dit nie ter harte geneem nie.

Minstens drie negatiewe gevolge het gevloei uit vrees – dit het hulle leuenaars gemaak, dat hulle nie hulle gedagtes aandie HERE gewy het nie en dat hulle nie geestelik afgestomp geraak het.

### **Daar is goeie vrees**

Natuurlik praat ons nie hier oor goeie vrees nie. Daar is iets soos goeie vrees. En dit beskerm lewe.

Dis goed as 'n kind 'n gesonde vrees vir bv. 'n warm stoof het. Of 'n motorfietsryer 'n gesonde vrees vir spoed het – dit maak tog net sin.

En dit is so dat soms onder jongmanne vreesloosheid en dwaasheid met mekaar verwar word. Dat hulle sekere dinge aanvang in die naam van vreesloosheid, maar dat dit eintlik net dwaasheid is. Mag God ons duidelik die wysheid verleen om te onderskei tussen vrees en dwaasheid.

### **Vrees maak dat jy nie jou roeping nakom nie**

By al die nadele van verkeerde/sondige vrees, is dat vrees jou verlam. En dat dit maak dat jy nie doen wat jy moet doen nie. Dit maak dat jy nie jou roeping nakom nie.

Dis wat Nehemia net vroeër sê:

Nehemia het die roeping gehad om Jerusalem se mure te herbou. Sy vyande wou hom egter keer deur hom bang te maak:

*Want hulle almal (sy vyande) wou ons bang maak en het gedink: Hulle hande sal die werk laat lê sodat dit nie gedoen word nie (Neh. 9:6).*

Sy vyande het geweet dat vrees mense weerhou van hulle taak.

Nog 'n voorbeeld is die derde dienskneg in die gelykenis van die talente. Hy het vir sy baas gesê:

*Matt. 25:25 ... omdat ek bang was, het ek gegaan en u talent in die grond weggesteek...*

Hoe waar is dit nie: Vrees weerhou ons om ons talente te gebruik!

Vrees en ang is lei tot 'n hele reeks van sondes. As jy vrees kan oorwin, dan gaan 'n hele reeks sonde uit jou lewe geweer wees.

### **Vrees is sonde**

Sondige vrees, is sonde. En sonde is iets wat bely moet word.

In Openbaring 21 lees ons van die nuwe hemel en die nuwe aarde.

In vers 7 lees ons:

*Hy wat oorwin, sal alles beërwe... ens.*

En dan volg in vers 8 die oordeel – daar word gepraat van die poel wat brand en vuur en swawel. Maar daar is 'n lys van mense wat na daardie poel toe gaan. En een van die dinge wat genoem word, is vrees:

**Rev 21:8** Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodediensers en al die leueners hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.

Die vreesagtiges. Die lafaards. Hulle wie se lewe gekenmerk is deur vrees. Altyd te bang om vir die Naam van die HERE op te staan.

Vir hulle word die poel wat brand met vuur en swawel voorberei.

Sondige vrees is sonde en is iets waarvan ons onself moet bekeer.

### **Vrees sal daar wees, maar wat doen jy met die vrees**

Nou die bedoeling is nie dat jy jouself sal kasty oor vrees sodanig dat jy nie kan lewe nie.

Want die HERE weet dat ons bang gaan word.

Daar staan in Ps. 56:4

*Die dag as ek vrees, sal ek op die Here vertrou.*

Let op. 'Die dag as ek vrees.' Nie of ek sal vrees nie. *As* ek sal vrees. Dis nie 'n kwessie nie. Vrees sal in die hart van 'n mens opkom. Die vraag is: wat maak jy met daardie vrees. En, gaan jy toegee aan die vrees. En gaan jy toelaat dat dit jou verlam en jou keer om jou roeping te doen.

Dapperheid is immers nie die afwesigheid van vrees nie, maar om t.s.v. jou vrees te doen wat jy moet doen.

## Vrees dien geen doel nie

Luk 12:25 En wie onder julle kan, deur hom te kwel, een el by sy lengte voeg?

Nou hier word van kwel gepraat. Om jou te kwel, is om jou te bekommer (om te worry). En nou weet ons dat worrie en vrees hand aan hand loop – soos ons sien in die troosvolle Jes. 41:10:

*Isa 41:10 Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand.*

EN die Here Jesus sê hier dat om jou te bekommer gaan nie jou lewe langer maak nie. Intendeel – dit gaan jou lewe net korter maak!

Geliefde broer en suster,

Vrees is baie nadelig vir ons. Dis sonde.

En tog is daar die opdrag – die opdrag wat die meeste in die Bybel herhaal word: Wees nie bevrees nie. Moenie bang wees nie!

Maar nou, wat moet ons reaksie wees op vrees? Wat is die Bybelse reaksie op vrees. Ek wil vanoggend vir jou vyf dinge gee uit die Woord van die HERE.

### 1. Bybelse denke vernietig vrees

Ps. 94:19 Psa 94:19 As my gedagtes binne-in my vermenigvuldig, dan verkwik u vertroostinge my siel.

Wanneer daar angstige gedagtes my siel ingaan, verkwik die vertroostinge van die HERE my siel.

Kragtige Christelike gedagtepatrone breek die mag van vrees in jou lewe.

Ons moet weet dat die geestelike stryd is 'n stryd rondom die gedagtes van mense. Die Satan wil jou denkpatrone beïnvloed en beheer – en hy doen dit deur vrees.

2 Kor. 10:

**2Co 10:5** terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus,

Maar helder Bybelse denke verdring die vrees.

Sien, want die reaksie op enige vreeswekkende gebeurtenis in ons lewe – is om bang te wees. Maar, wanneer die impuls daar is, is daar die oomblik van beslissing – wat jy 'n besluit gaan maak op hoe jy gaan reageer op die impuls.

Die een is – ek gaan val vir die leuen dat ek bang moet wees. En dit gaan lei tot aftakeling van myself en 'n hele reeks sondes.

Of, ek gaan reageer op die ander manier – en vertrou dat God sal voorsien. Vertrou dat

**Rom 8:28** En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is.

En ten spyte van my vrees voortgaan met dit wat ek goed weet ek moet doen. Ek gaan nie toelaat dat die vrees wat ek ervaar my gaan verlam nie.

Godvresende gedagtepatrone oorwin vrees.

Dink daaraan dat God...

**2Ti 1:7** ... het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.

Paulus skryf aan Timoteus wat 'n sensitiewe en fyngvoelige persoonlikheid gehad het – dat vreesagtigheid nie van God af kom nie. Daardie vrees kom nie van God af nie. As 'n man van God, is dit nie deel van jou nie.

Dink daaraan:

**Spr. 18:10** Die Naam van die HERE is 'n sterk toring; die regverdige hardloop daarin en word beskut.

Jou veiligheid is in die HERE. Soveel so dat nie eers 'n haar van jou kop sal val sonder die HERE nie<sup>1</sup>.

As jy dan jou skuiling by die Naam van die Here soek, dan *is* jy veilig. En waarom dan nog vrees?

Die krag van Bybelse denkopatrone verdring die vrees.

**Psa 27:1** 'n Psalm van Dawid. Die HERE is my lig en my heil: vir wie sou ek vrees? Die HERE is die toevlug van my lewe: vir wie sou ek vervaard wees?

Psa 27:2 As kwaaddoeners teen my nader kom om my vlees te eet—my teëstanders en my vyande, ja, myne—struikel hulle self en val.

Psa 27:3 Al word 'n laer teen my opgeslaan, my hart sal nie vrees nie; al staan 'n oorlog teen my op, nogtans vertrou ek.

Psa 27:4 Een ding het ek van die HERE begeer, dit sal ek soek: dat ek al die dae van my lewe mag woon in die huis van die HERE, om die lieflikheid van die HERE te aanskou en te ondersoek in sy tempel.

---

<sup>1</sup> Matt. 10:29-31

Verstaan God se beloftes, Wie Hy is. Dink daaraan – en dit breek die rug van vrees...

So wat moet reaksie van Christen wees op vrees – wel, beveg dit met Bybelse denke.

## 2. Vertrou op God se liefde

In Jes. 43: 1

*Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos...*

Een van die redes waarom die volk Israel, die wat hulle tot die HERE wend, nie bang hoef te wees nie, is omdat Hy hulle verlos het. Die Here sê: Moenie bang wees nie, want Ek het jou verlos.

Hieruit blyk God se liefde vir sy uitverkore kinders!

Hierdie waarheid kom selfs sterker na vore as ons die konteks waarin hierdie staan in ag neem.

In Jes. 42 lees ons hoe die volk Israel geestelik doof en blind is.

Hulle is so blind, dat hulle nie die groot en heerlike onderwysing van die HERE (Jes. 42:21) ter harte neem of raaksien nie.

Hulle geestelike blindheid maak dat hulle nie raaksien dat die HERE slegte omstandighede vir hulle beskik het a.g.v. hulle sonde nie. Hulle sien nie die band tussen hulle sonde en hulle omstandighede nie!

En tog, kom die HERE se verlossenende genade in hulle slegte omstandighede – wat hulle eie sonde die aanleiding tot die slegte omstandighede gegee het... Tog sê die Here *in* dit vir hulle – vir elkeen in Israel wat wil hoor – Moenie bang wees nie, want Ek het jou verlos!

Sien jy die groot liefde van God?

Miskien sit jy in moeilike omstandighede a.g.v. jou eie sonde. Hoor vandag – dat die HERE vir elkeen wat na Hom toe kom met opregte hart en jou skuld bely – vir elkeen wat so na Hom kom, sê: Moenie bang wees nie, want Ek het jou verlos!

Afrikaners sit met baie slegte omstandighede a.g.v. ons eie sonde. Sonde van materialisme en afgodery. Sonde van hoogmoed en nie die agting van mense as beeld van God nie.

En tog sê die HERE – vir elkeen wat met ware berou en opregte geloof sy skuld voor die HERE bely – Moenie bang wees nie, want Ek het jou verlos!

Sien jy God se groot liefde?

God se liefde vir ons sien ons natuurlik die duidelikste in Sy Seun. Hy het ons verlos. Hy het in sy groot liefde Sy eniggebore Seun oorgegee om vir ons sondes te sterf aan die kruis.

Nou die Bybel leer ons dat ons nie vir mense bang moet wees nie (uitdruklik in soveel woorde):

**Mat 10:28** En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie;

God leer ons om regtig nie vir mense bang te wees nie.

Hy leer ons egter in geen onduidelike taal nie waarvoor ons wel moet vrees:

maar vrees Hom liever wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel.

Hebr. 10:31 lees ons:

*Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God.*

God leer ons waarvoor ons harte maar wel kan inmeekaartrek van vrees – en dit is om in sonde voor die lewende God te moet verskyn.

En daardie vrees het Jesus op Hom gevat. Hy het neergedaal na die hel. Hy het die toorn en oordeel van God op Hom geneem aan die kruis.

Hy het ons regtig van vrees verlos! Sien jy?

En as Jesus dit kom wegneem het wat die heel grootste vrees is – hoeveel te meer sal Hy nie ook sorg vir die kleiner vrese nie?

**Rom 8:32** Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?

Jesus het gesorg vir daardie grootste vrees. Hoeveel te meer vir ander vrese.

Sien jy God se liefde?

En nou verstaan ons hoekom die God sê die liefde dryf die vrees uit.

1 Joh. 4:17-18

1Jn 4:17 Hierin het die liefde by ons volmaak geword, dat ons vrymoedigheid kan hê in die oordeelsdag; want soos Hy is, is ons ook in hierdie wêreld.

1Jn 4:18 Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie.

Vertrou Hom dan.

So, hoe reageer ek op vrees?

Wel, ek vertrou op God wat my liefhet.

### 3. Besef die waarde van God se teenwoordigheid

Die genadige, heerlike opdrag om God nie te vrees nie, is die opdrag wat die meeste in die Bybel herhaal word. En dit gaan saam met die belofte dat Ek het jou verlos.

Maar hierdie opdrag staan ook heel dikwels saam met 'n ander waarheid: want Ek is met jou. En dit kry ons ook in ons teksgedeelte:

*Jes. 43:5 Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou...*

Die bekende Jes. 41:10 is so vertroostend – en sê ook dieselfde:

**Isa 41:10** Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand.

My bede is dat die HERE ons geleidelik al meer sal laat verstaan wat hierdie kernwaarheid van die Skrif beteken.

As mens alleen is, dan is jy weerloos. Maar as jy tussen 'n string fris manne is, dan voel jy veiliger.

Dis 'n feit van die lewe.

Ps. 127:4 Psa 127:4 Soos pyle in die hand van 'n held, so is die seuns van die jeug.

**Psa 127:5** Gelukkig is die man wat sy pylkoker daarmee gevul het! Hulle sal nie beskaamd staan as hulle met die vyande in die poort spreek nie.

Maar, wat as jy besef dat 'n hele weermag van fris manne nie eers 'n merk maak teen die Here se Almag nie? Hy is immers die HERE van die leërskaare. Die magtige engele is deel van God se leërmagte. Hy beheer elke mag en krag wat daar is – ook jou vyand wat jou bang maak.

Hy wat:

- Alles gemaak het deur Sy Woord
- Wat die storm stil maak deur te spreek
- Wat oor legioene engele se magte beskik
- Wat die wentelbane van die sterre, hulle planeete en mane beheer

Hy sê vir jou: *Moenie bang wees nie, want Ek is met jou!*

Dawid sê:

*Al gaan ek deur 'n dal van doodskadumee, sal ek geen onheil vrees nie...*

Hoekom nie?

*Want U is met my...*



Jesus sê:

**Joh 16:7** Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur;

Ja, God is met ons. En daarom hoef ons nie te vrees nie.

Sag. 4:6

Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die HERE van die leërskaar.

Hoe reageer 'n Christen op vrees? Ek herinner myself aan die teenwoordigheid van die HERE.

#### **4. Gebed – bid deur jou vrese**

Fil. 4:6

Php 4:6 Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God.

Ps. 55:23

Werp jou sorg op die HERE, en Hy sal jou onderhou; Hy sal nooit die regverdige laat wankel nie.

1 Pet. 5:7

Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle.

As ek jou vanoggend sou vra: Maak 'n lys van jou vrese, wat sal daarop staan?

En my vraag aan jou vanoggend: Het jy al jou lys vir die HERE gebring?

Ja, jy weet ek moet daarvoor bid. Maar het jy regtig al?

Wat ek al agtergekom het: soms is daar 'n beklemming op 'n mens se hart. Jy voel vreesbevang. Maar jy het nog nie vir daardie vrees 'n naam gegee nie. En een ding wat vrees hand oor hand toeneem, is as daardie vrees nie 'n naam het nie.

Maar een van die geestelike voordele van gebed – is dat wanneer jy met ywer jou vrese vir die Here bring, dit uit moes spreek, dan leer jy dikwels jou vrese beter ken. En as dit 'n naam het, dan gee ek daardie vrees vir die HERE in gebed.

Bid deur jou vrese.

Want God is aan jou kant deur Sy Seun Jesus Christus:

**Rom 8:31** Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vir ons is, wie kan teen ons wees?

Hoe reageer 'n gelowige teenoor vrees?

Wel, ek bid oor my vrese.

**Slot**

En so het ons vanoggend hierdie vier. Hoe reageer 'n gelowige t.o.v. die impuls van vrees?

1. **Bybelse denke vernietig vrees**
2. **Vertrou op God se liefde**
3. **Besef die waarde van God se teenwoordigheid**
4. **Gebed – bid deur jou vrese**

Geliefdes, vrees het vernietigende gevolge. Sondige vrees is sonde. Kom ons smee om vergifnis.

En kom ons vernietig die vrees. Al wat jy nodig het, is God se beloftes en gebed. Amen.